



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2012**

**ONTWERP V1  
(TEORIE)  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 41 bladsye.

---

**AFDELING A: ONTWERPSGELETTERDHEID****VRAAG 1 (20 punte)**

**AS1: Maak waardebeoordelings wat deur 'n duidelike begrip van Ontwerp ingelig is.**

**AS2: Begryp Ontwerpteorie en gebruik Ontwerpterminologie op korrekte wyse.**

1.1 1.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

- Daar is 'n verskeidenheid motiewe en elkeen is deur die ontwerp herhaal, bv. bome, vee en pluimvee. ✓
- Deur die deurgaanse herhaling van dieselfde kleur vir elke motief, swart en grys. ✓
- Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord. (2)

1.1.2 **(Ken 8 punte toe – 2 punte per element/beginsel wat bespreek is)**

Toonwaarde:

- Daar is 'n wye reeks van monochromatiese swart en grys toonwaardes ✓ wat die beelde meer drie-dimensioneel en realisties laat lyk. ✓ (2)

Perspektief:

- Liniêre perspektief is gebruik om 'n gevoel van tradisionele diepte in elke motief te skep. ✓
- Die gebruik van die platvlakkige wit/grys kleur in die agtergrond en die ligstrepe in die motiewe weerspreek die tradisionele gevoel van diepte en perspektief. ✓ (2)

Skaal en proporsie:

- Elke fatsoen en vorm in die elke motief is proporsioneel korrek in terme van grootte en skaal in verhouding tot die res. ✓
- Dieselfde skaal (grootte van figure en objekte) is deur die hele ontwerp gebruik wat dit makliker maak om die ontwerp as 'n geheel te sien. ✓ (2)

Ritme:

- Ritme word verkry deur die herhaling van dieselfde motiewe deur die ontwerp, bv. die onderste ry motiewe is presies dieselfde as die boonste ry motiewe. ✓
- Ritme is geskep deur die dieselfde kleurgebruik reg deur die ontwerp, bv. grys en swart. ✓ (2)

Vr1.1	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Observasie Visuele begrip	30%	Deel van 1.1.1 + Deel van 1.1.2	1+1
Middel orde	Toepassing van elemente	40%	Deel van 1.1.1 en Deel van 1.1.2	1 + 3
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	1.1.2	4

## 1.2 (Ken 10 punte – 2 punte vir elke term bespreek)

INNOVEREND/OORSPRONLIKHEID:

FIGUUR A herinner aan die eenvoudige, skoon, geometriese vorms van Bauhaus-stoele en kan ook gesien word as afgelei van Modernistiese stoele, waar FIGUUR B se vorm heeltemal oorspronklik is. Die gladde tekstuur en sirkelvorms van FIGUUR A het 'n soort masjienagtige voorkoms van die Modernistiese era, waar FIGUUR B se vergrote knoop-vorm oorspronklik en innoverend is en nog nie van tevore gedoen nie. Die gebruik van uitgesnyde negatiewe spasies in FIGUUR A se armleunings is innoverend. FIGUUR A is 'n enkele, gegote plastiekvorm vergelykend met die Pantonstoele van die sestigerjare, waarteenoor oorspronklikheid in FIGUUR B verkry is deur opgestopde materiaal tonnels. Beide stoele maak gebruik van ongewone, nagemaakte kleure. (2)

Bruikbaarheid:

Beide FIGUUR A en FIGUUR B werk as stoele, maar terwyl FIGUUR B 'n gemaklike stoel is, lyk FIGUUR A meer formeel, hard en rigied. 'n Verandering in liggaamsposisie in FIGUUR A (bv. sit met bene op) maak dit ook meer gemaklik aangesien mens maklik daarop sal kan opkrul. (2)

Tekstuur:

FIGUUR A se tekstuur is glad, hard, weerstandbiedende plastiek en gee 'n koue, meganiese gevoel terwyl FIGUUR B se tekstuur vrygewig, sag en buigbaar is en aanpas by die liggaam se vorm. (2)

Moontlike inspirasie:

FIGUUR A herinner mens aan natuurlike vorms soos skulp of eierdop, maar kan ook geassosieer word met wetenskapsfiksie en tegnologie omdat dit mens laat dink aan 'n satellietkottel of 'n vlieënde piering. Sy eenvoudige, skoon vorms kan moontlik deur Bauhaus geïnspireer wees en die produksie tegniek deur die gietwerk-inspuiting van die 1960's. Sy futuristiese vorm kan ook geïnspireer wees deur 1960's se geïnteresseerdheid in die "Ruimte Era". FIGUUR B lyk of dit geïnspireer is deur 'n komplekse skeepsmaneknoop en kan ook geïnspireer wees deur die boontjiesakstoele van die 1960's (2)

Geskikte omgewing/konteks:

FIGUUR A sal geskik wees in 'n formele, minimalistiese, moderne omgewing, bv. 'n formele sitkamer in 'n weelderige huis, hotel of wagkamer. FIGUUR B sal geskik wees in 'n tiener se kamer of 'n informele sitkamer omdat dit 'n ligte, 'funky' en prettige gevoel gee. (2)

[20]

Vr1.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNIN G %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Observasie/Visuele begrip	30%	Deel van 1.2	3
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 1.2	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie/Afleiding	30%	Deel van 1.2	3

**VRAAG 2 (10 punte)**

**AS3: Bespreek, verduidelik en demonstreer die konteks en doel van produkte, beelde, tekens en simbole wat gebruik word in Ontwerp.**

**AS2: Begryp Ontwerpsteorie en gebruik Ontwerpsterminologie korrek.**

**2.1 2.1.1 (Ken 4 punte toe)**

FIGUUR A se breë bokant en nou onderkant verwys na die stereotipiese 'manlike vorm' wat breë skouers en nou heupe het. √ Dit is 'n blou kleur wat tradisioneel die man as 'koel' en 'sterk weergee'. √ Dit is vaartbelyn en tegnologies kompleks in vorm en het 'n futuristiese, masjienera-aantreklikheid wat stereotiep die man se belangstelling en gemak met masjinerie uitbeeld. √ Dit lyk soos 'n tegnologiese toestel.

FIGUUR B se vorm reflekteer die 'verwagte' uurglas-figuur van die vrou. √ Dit is pienk en wit – kleure wat tradisioneel die vrou voorstel en wat die vrou stereotipeer as 'sag' en 'dogtertjie-agtig'. √ Die vorms is eenvoudig, sag en naatloos vir gemak van gebruik en kan ook die gevoel tuisbring dat die vrou minder aangepas is om tegnologie te gebruik. √

Gee krediet aan enige geldige stelling.

(4)

**2.1.2 (Ken 2 punte toe)**

Mans en vrouens wat nie hierdie tipies 'man' of 'vrou' karaktereenskappe toon nie word nie as geldig gesien nie en die ruimte gegun om te wees wie hulle is nie. √ 'n Baie nou reeks van eienskappe is toegelaat vir elke geslag en nie een van die twee word toegelaat om ander aspekte rondom hulself te verken nie. √ Die geslagstereotipering in die bostaande ontwerpe kan gesien word om aan te moedig dat die man sterk en goed met tegnologie moet wees √ terwyl die vrou moet sag wees en nie nodig het om tegnologie te verstaan nie. √

Gee krediet aan enige goed beredeneerde antwoord.

(2)

## 2.2 2.2.1 (Ken 2 punte toe)

Die karakters beeld 'n veralgemeende uitkyk oor die elke kultuur uit, √  
 bv. 'n Arabier word uitgebeeld aan tradisionele Arabier-klere en die  
 dink aan bomme. √ Hierdie is nie 'n regverdigte beeld om te gebruik  
 nie aangesien dit die siening aanspoor dat alle Arabiere terroriste is  
 en moedig vooroordeel en diskriminasie aan. √

Gee krediet aan enige goed beredeneerde antwoorde. (2)

## 2.3 2.3.1 (Ken 2 punte toe)

Die patrone en helder kleure beeld die kleure en patrone sigbaar in  
 tradisionele Suid-Afrikaanse handwerk, bv. kralewerk, uit. √ Die  
 kleure is die kleure van die die Suid-Afrikaanse vlag. √ Die patrone is  
 ook aanduidend van die patrone wat op Suid-Afrikaanse diere en  
 reptiele gesien word. √

Gee krediet aan enige geldige antwoorde. (2)  
**[10]**

Vr2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Observasie/Herroep/Be grip	30%	Deel van 2.1.1 + Deel van 2.3.1	2 + 1
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 2.1.1 + 2.1.2 + Deel van 2.2.1	1 + 2+ 1
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie/Afleiding	30%	Deel van 2.2.1 + Deel van 2.3.1	1 + 2

**VRAAG 3 (10 punte)****AS1: Beoordeel waarde, ingelig deur 'n goeie begrip van Ontwerp.****AS2: Begryp Ontwerpsteorie en gebruik Ontwerpsterminologie korrek.****AS4: Onderzoek, reflekteer op en interpreteer inligting vanaf 'n verskeidenheid bronne wat die wêreldwye invloede op die ontwikkeling van Ontwerp aandui.****3.1 3.1.1 (Ken 10 punte toe)**

FIGUUR B weerspieël 'n ware Suid-Afrikaanse nasionale identiteit:

- Alle kulture in Suid-Afrika gebruik dit om hul ondersteuning vir hul gunsteling spanne gedurende sokkerwedstryde uit te beeld (veral gedurende die sokker wêreldbeker in 2010). ✓
- Omdat dit deur alle Suid-Afrikaanse kulture gebruik word, kan dit as 'n nasionale entiteit beskryf word. ✓

In FIGUUR A is die nasionale entiteit van die lamp nie duidelik nie. Die herhaling van vet, sig-sag patrone as versiering ✓ en die feit dat dit van 'n kalbas gemaak is, stel eerder nouer bande met die etniese kulture van Suid-Afrika voor, as die met Poolse herkoms. ✓

Gee krediet aan enige goed beredeneerde antwoord. (2)

**3.1.2 (Ken 2 punte toe)**

Kandidate kan 'ja' antwoord vir die volgende redes:

- Dit is 'n manier om die kennis van verskillende Suid-Afrikaanse kulture oor te dra en te behou.
- Dit adverteer die spesifieke kulture van Suid-Afrika sowel as die land self.
- Skep 'n gevoel van nasionale trots.
- Dit is 'n manier om duidelik tussen Suid-Afrikaanse produkte en die van ander lande onderskeid te tref. (2)

### 3.1.3 (Ken 6 punte toe)

#### VORM EN FATSOEN:

##### FIGUUR A:

- Die lamp is van 'n kalbas gemaak, 'n natuurlike objek en het daarom 'n organiese vorm. ✓
- Die dekoratiewe vloeiende sig-sagpatrone is ook organies. ✓

##### FIGUUR B:

- Die vorm van die lamp en die staander is gemaak van gebuigde geometriese vorms, (die mondstuk, die hoofdeel van die Vuvuzela en tregtervormige opening vir die gloeilamp), reguit lyne (die lang staalstaander) en 'n vierkantige geometriese vorm vir die voetstuk. Die vierkantige fatsoen word verder beklemtoon deur die negatiewe spasie wat deur gebuigde staalpyl gevorm word. ✓
- Die lang tregter van die Vuvuzela word beklemtoon deur die lang, dun staalraam, wat 'n geometriese fatsoen as basis vorm. ✓ (2)

#### TEKSTUUR:

##### FIGUUR A:

- Tasbare Tekstuur word geskep deur die gate wat in die oppervlak van die kalbas gedruk is. ✓
- Visuele Tekstuur: die gaatjies laat toe dat die lig deur skyn en gooi branderagtige patrone op die mure. ✓

##### FIGUUR B

- Die tekstuur van beide die Vuvuzela en die staalstaander is glad en lyk hard om aan te vat. Die Vuvuzela is gemaak van hout en die tasbare tekstuur van die hout is sigbaar, maar nie dadelik opvallend nie. Dit skep net genoeg tekstuur om te keer dat die ontwerp vervelig raak. ✓ (2)

#### EENHEID EN VERSKEIDENHEID:

##### FIGUUR A:

- Eenheid: Dit word geskep deur die herhaling van die vloeiende, dekoratiewe en organiese patrone op die oppervlak, wat die vloeiende organiese vorm van die kalbas weerspieël. ✓
- Verskeidenheid: Die verskillende kleure en tecture op die oppervlakversiering skep verskeidenheid, (die donker, opgehewe sig-sagpatrone kontrasteer die wit uitgesnyde gedeeltes van die kalbas.) ✓

##### FIGUUR B:

- Eenheid: die lang, dun staalstaander herhaal die lang dun geometriese fatsoen wat deur die Vuvuzela geskep word en gee eenheid aan die ontwerp. ✓
- Verskeidenheid word geskep deur die kontraste van verskillende geometriese vorms, bv. die vierkant aan die basis van die Vuvuzela. Daar is ook 'n kontras tussen 'n natuurlike materiaal (die hout Vuvuzela) en die industriële materiaal (die staalstaander). ✓ (2)

Vr3.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Kennis, Begrip	30%	3.1.1 en deel van 3.1.2	2+1
Middel orde	Toepassing van elemente	40%	3.1.3	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	3.1.2+ deel van 3.1.3	2+1

### 3.2 (Ken 10 punte toe in totaal)

**Nota: 'n Leerder mag gebruik maak van enige voorbeeld uit LTSM soos voorgeskryf in die LPG.**

TWEE MOONTLIKE VOORBEELDE IS VOORSIEN

VOORBEELD 1:

Naam van die ontwerper: Sonwabile Ndamase ✓

(1)

PLAASLIKE EN GLOBALE INVLOEDE

- Sterk invloed van sy moeder – eenslagtige kyk na werk met 'vroulike takies'. 'n Verandering van kultuur (lid van koninklike Phondo-familie in die Oos-Kaap). ✓
- Bywoning van 'n plaaslike modekurses – gegrond op in Westerse mode- Westerse invloed. ✓
- Ontevrede – kyk toe na plaaslike Afrika-mode. ✓ Probeer nou by bly met beide plaaslike en internasionale tendense – samesmelting. ✓

(2)



**ALGEMENE EIENSKAPPE**

- Vang die 'Afrikagees' vas ✓
  - Identifiseer met die 'mense' wat nie pakke dra nie - geen kraag en dasse nie ✓
  - Materiaal word spesiaal gekies - goeie kwaliteit, oorspronklik en beperkte uitgawe ✓
  - Kleure is 'n uitdrukking van vertroue en selfversekerdheid ✓
  - Gebruik 'n konvensionele kraag of 'n staande Nehru-kraag. ✓
  - Hy het die jaarlikse Vukani-mode toekennings daargestel ten einde die jong (spesifiek swart) talent te ontwikkel. ✓
  - Ndamase skep 'n platvorm vir inheemse Afrika-mode onder sy mode-naam, Vukani Fashions. ✓
  - Hy glo dat klere die 'tekens van die stam waaraan ons behoort' is. ✓
  - Hy meld dat hy as Suid-Afrikaner baie passie-vol is om inheemse mode in ons land te ontwikkel en werk as ambassadeur om blootstelling vir ontwerpers op CNN en SABC Africa daar te stel, sowel as hul werk oral ten toon te stel vanaf die VSA na Europa, Japan, Brasilië en 'n verskeidenheid Afrika-lande. ✓
  - In sy ontwerpe werk hy ten einde Suid-Afrika - wat selfvertroud, trots en selfversekerd is - te bevorder. ✓
  - Hy glo dat die term "etniese mode" nie langer enige beelde van "vervelige, voorspelbare bekleding" sal daarstel nie. ✓
  - Sy onlangse versamelings het 'n teatrale kwaliteit wat grens aan 'Afro-fantasia'. ✓
  - In sy 'African Print'-versameling hemde beoog hy om die mistiek en trots van Afrika deur die gebruik van ryk kleure en detail vas te vang. ✓
- (4)

**NAAM EN KORT BESKRYWING VAN EEN ONTWERP****DIE MADIBA-HEMP ✓**

- Madiba-hemde is ontwerp om liggaamshitte te behou, maar steeds 'cool' en lig. ✓
  - Hulle word vasgeknoop tot bo. ✓
  - Hulle is goed gestryk en die materiaal is ryk in kleur en patroon. ✓
  - Hulle is lank en hang oor broeke. ✓
- (3)

## VOORBEELD 2:

NAAM VAN DIE ONTWERPER: Carrol Boyes ✓ (1)

## PLAASLIKE/GLOBALE INVLOEDE EN INSPIRASIE:

- Boyes word beïnvloed deur die eenvoudige, geometriese patrone wat deur antieke beskawings gebruik is. ✓
- Haar hoogs gestileerde figure, wat meestal in aksieposisies is, herinner mens aan die figure wat gebruik word in San-rotskuns ✓ (2)

## ALGEMENE EIENSKAPPE:

- Boyes het 'n wye verskeidenheid leefstyl-produkte soos eetgerei, platware, tafeware en 'n groot versameling geskenk-items. ✓
- Haar handelsmerk is die vindingryke gebruik van materiale: die kombinasie van piouter, aluminium en vlekvrystaal, saam met leer en hout. ✓
- Sy wou 'n produk vervaardig wat eksklusief is en van piouter gemaak is as gevolg van hierdie stof se buigbaarheid en veelsydigheid. Sy het haar talent in beeldhou en kennis van metaalwerk gekombineer om kenmerkende en unieke piouterhandvatsels te skep wat vandag nog haar handelsmerk is. ✓
- Geen twee items lyk ooit presies dieselfde nie, ten spyte van die groot volume werk wat sy elke maand in haar fabriek vervaardig en dan met die hand afwerk ✓
- Carrol Boyes word meestal geïnspireer deur die menslike figuur. ✓ Dit is duidelik in haar werk – menslike figure vorm dikwels die handvatsels van 'n stuk eetgerei of beker, of hulle kan gebruik word om twee kante van 'n tydskrifrak uit te maak. ✓ (4)

## BESKRYWING VAN EEN ONTWERP: (OPSIE 1)

Bierbeker: ✓

- Haar bierbeker is 'n funksionele voorwerp gemaak uit piouter en meer duursaam as glas of keramiek. ✓
- Die beker is baie glad in voorkoms. ✓
- Die vorm is gestileerd en vereenvoudig. ✓
- Die gladde oppervlakte vra om aan gevat te word. ✓
- Die handvat is goed geplaas om dit maklik te maak om vas te hou en te drink. ✓
- Die ontwerp van die handvat kry sy oorsprong/inspirasie vanaf inheemse Sankuns. Die figuur is drie-dimensioneel, maar is geïnspireer deur tweedimensionele rotskuns. ✓

## KORT BESKRYWING VAN EEN ONTWERP: (OPSIE 2)

'Botterbak': ✓

- Hierdie werk was eers gevorm uit klei en daarna gegiet in piouter. ✓
- Die vorm is oneweredig gerond, swaar en solied en herinner aan handgekerfde, antieke metaalbakke. ✓
- 'n Hoogs-vereenvoudigde, ronde figuur met arms wat uitstrek om die rante van die bak staan uit aan die een kant van die omhulsel. ✓
- Die glansende silwer kleur van die peuter gee dit 'n luukse kwaliteit en reflekteer die vorme en kleure van voorwerpe rondom die bak. ✓
- Die peuter is gepoleer totdat dit glad, sensueel en glansend voorkom aan die buitekant. ✓
- Organiese, sirkelvormige lyne domineer die werk. ✓

(3)  
[20]

Vr3.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Kennis, Begrip	30%	Deel van 3.2	3
Middel orde	Toepassing van elemente	40%	Deel van 3.2	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 3.2	3

**VRAAG 4**

- AS1: Beoordeel waarde, ingelig deur 'n goeie begrip van Ontwerp.**  
**AS2: Begryp Ontwerpsteorie en gebruik Ontwerpsterminologie korrek.**  
**AS4: Ondersoek, reflekteer op en interpreteer inligting vanaf 'n verskeidenheid bronne wat die wêreldwye invloede op die ontwikkeling van Ontwerp aandui.**  
**AS5: Analiseer, interpreteer en reflekteer op voorbeelde op 'n kritiese wyse en verbind hulle met hul kulturele, geskiedkundige en hedendaagse kontekste.**

**ANTWOORDE VIR VIER VAN DIE MOONTLIKE VYF KEUSES VOLG:****4.1 KUNS EN KUNSVLYT**Doelstellings:

- Die kunstenaars het hulle daarop toegespits om die standarde van massa-geproduseerde produkte te verhoog. ✓
- Die beweging staan dit voor dat die vakman betrokke moet raak met die ontwerp van alledaagse voorwerpe. ✓
- Hulle glo daaraan dat die materiale waarvan produkte gemaak is nie weggesteek behoort te word nie en nie oorversier word nie. ✓
- Hulle wil produkte maar deur onversierde, natuurlike materiaal (bv. hout en steen) te gebruik ten einde die natuurlike skoonheid daarvan te onthul. ✓
- Om sosiale orde te herstel, stabiliteit en Christelike waardes terug te bring. ✓

(2)

Invloede:

- Middeleeuse Gotiese Styl ✓ - 'n periode gekenmerk deur orde, stabiliteit en goeie Christelike waardes. Kunstenaars en argitekte glo dat die morele standarde aan die afneem is en daarom keer hulle terug na die Middeleeuse Gotiese styl. Die landelike Engelse kothuis-styl ✓  
Die mure van huise is gemaak uit plaaslike stene. Vloerplanke en dakbalke word nie bedek met enigiets nie om die natuurlike skoonheid van materiale te ontbloot. Dit staan bekend as 'eerlikheid tot die materiaal'. Hulle gebruik handgemaakte, onversierde hout om huise te bou en huise het 'n eenvoudige, landelike voorkoms wat herinner aan die Middeleeue.
- Beïnvloed deur alledaagse lewe sketse bv. die natuur bv. diere- of blom motiewe.

(2)

Algemene karaktereienskappe:

- Onderwerpe: Die natuurlike vorms van blomme, voëls en diere. Heraldiese motiewe, Gotiese ontwerp-motiewe, bv. die 'quatrefoil' en 'trefoil'. ✓
- Produkte: Tekstiele, meubels, keramiek, handgemaak, leergebinde boeke, metaalwerk en argitektuur. ✓
- Materiale: So na aan die werklike materiaal as moontlik soos hout en klip. ✓
- Versiering: Geen onnodige detail. Versiering word net gebruik om die basiese ontwerp te versterk. ✓
- Gebruik van beginsels en elemente van Ontwerp:
  - Vorms: Eenvoudig en elegant sonder te veel versiering, bv. meubels). ✓  
Tekstiele en keramiek was meer organies a.g.v. die invloed van plant en diere. ✓
  - Kleur: Hulle het gebruik gemaak van plat areas met helder kleure in verskillende skakerings van blou, geel en rooi. Hulle het ook gebruik gemaak van aardse kleure. ✓
  - Balans: Meestal simmetries a.g.v. die Middeleeuse Gotiese invloed van stabiliteit en orde. ✓
  - Eenheid: Gewoonlik verkry deur die herhaling van organiese lyne of onderwerp. ✓

(3)

Ontwerper: Phillip Webb ✓

Ontwerp: The Red House

- Uit rooi baksteen gebou (waarheid van materiaal). ✓
- Gepunte dakke erg aan die Middeleeuse Gotiese periode. ✓
- Interieur maak gebruik van ongeverfde houtbalke, (rustic cottage style). ✓
- Binne-mure geverf met muurskilderwerk met veral blom- en voëlmotiewe. ✓

Ontwerper: William Morris ✓

Ontwerp: 'The Strawberry Thief'-tekstiel-ontwerp

- Simmetries gebalanseerde ontwerp ✓
- Onderwerp: voëls tussen plante en aarbeie. ✓
- Kleure: Kontras van ryk rooie en koel blou. ✓
- Lyn: organies. ✓
- Eenheid word verkry deur die herhaling van motiewe, bv. die voëls. Eenheid word ook verkry deur die herhaling van kleure. ✓
- Verskeidenheid: Verkry deur 'n verskeidenheid van verskillende vorms, wat herhaal word deur die hele ontwerp, bv. die voëls, blomme en blaarmotiewe. ✓

(3)

## ART NOUVEAU

### Doelstellings:

Dit het gegroei uit die Kuns en Kunsvlyt-beweging sodat van die doelstellings ooreenstem:

- Hulle strewe daarna om die sterwende tradisies van vaardighede en vakmanskap te laat herleef. ✓
- 'n Begeerte om nouer bande te vestig tussen die kunstenaar en die vakman. ✓

Verskillend in die dat:

- hulle nie die idee van fabriek-gemaakte goedere verwerp nie. ✓
- hulle intendeel die kwaliteit van handgemaakte produkte aan fabrieksvervaardigde wou oorplaas en gebruik te maak van modern stowwe soos metaal en staal (ru-yster werke). ✓

(2)

### Invloede:

Japanese kuns (houtsneewerk), met hul:

- eenvoudige, vloeiende, dekoratiewe lyne ✓
- plat kleurareas en elegante ontwerpe ✓
- Die roosterpatrone van Japanese interieurs ✓
- dekoratiewe detail op voorwerpe soos waaiers en kimono's. ✓
- Kontraste tussen oop en gedetailleerde areas. ✓

Keltiese ontwerpe:

- en die kunsvorme met hul hewige kurwes en liniêre ontwerpe. ✓
- wat op 'n dekoratiewe manier in mekaar weef. ✓

Viking ontwerpe met hul:

- Fyn lyne en spirale
- Romantiese idees en oordadige versiering. ✓

Simbolisme (die kunsbeweging van daardie tyd) en hul:

- verwerping van perspektief, hul plat vorms en plat kleurareas. ✓
- hul gebruik van organiese, kurwende buitelyne. ✓
- sensuele onderwerpe gebaseer op die natuur en die vroulike vorm. ✓

Die Kuns- en Kunsvlytbeweging:

- Geïnspireer deur hul natuurlike, vloeiende vorms. ✓

Laat Gotiese styl:

- Hul flambojante lyne en gebrandskilderde glas. ✓

Franse Rokoko Kunsperiode:

- Die delikate lyne en vorms, sowel as die ligte, speelse atmosfeer van beweging beïnvloed Art Nouveau. ✓

(2)

#### Algemene karaktereienskappe:

- Onderwerp: diere, voëls, plante, gestileerde rose, sonneblomme, lelies, poue en die sensuele vroulike vorm. ✓
- Produkte: tekstiele, breekware, metaalwerke, glasware, juweliersware, meubels en argitektuur. ✓
- Materiale: Eksotiese materiale soos perlemoenskulp, lapis-lazuli, horing, ivoor en wisselkleurige glas. ✓

#### Elemente van Ontwerp:

- Lyn: Die gebruik van die slangvormige, sweepslag-lyn om gestileerde en eenvoudige vorme te skep. ✓
- Vorm: Die vloeiende kurwes en vorms wat gebruik word om meubels en ander voorwerpe te ontwerp weerspieël die ritme van die sweepslag-lyn. ✓
- Kleur: subtiel en gedemp, soos pastel-geel, -pienk en -groen. Plat 'matt' kleur word omsluit deur die kromagtige lyn. ✓
- Komposisie is altyd asimmetries gebalanseerd. ✓

#### Beginsels van Ontwerp:

- Balans: hoofsaaklik asimmetries. ✓
- Kontras: Groot en klein vorms. Koel kleure teenoor warmes. ✓
- Beweging: die herhaling van die sweepslaglyn skep 'n gevoel van beweging. ✓

(3)

#### Ontwerper: Louis Comfort Tiffany ✓

- Ontwerp juweliersware en gebrandskilderde glas. Beroemd vir sy gebrandskilderde glaslampe. ✓

#### Ontwerp: Lampe (bv. die Druiwetros-lamp) ✓

- Lamp gemaak uit glasmosaïekstukke in metaalraamwerke gevoeg soos gebrandskilderde glasvensters. ✓
- Onderwerp: druiwe en druiweprieëlblare. ✓

#### Ontwerper: Victor Horta ✓

- Belgiese argitek gebruik gegote yster vir dekoratiewe detail in trappe en balkon-strukture op so 'n wyse dat dit lyk of dit deel is van die eintlike bou-materiaal. ✓

#### Ontwerp: Trappe in die Hotel in Tassel – Brussels (1893). ✓

- Maak duidelik gebruik van die sweepslaglyn wat die kurwende lyne van die vloerversiering herhaal. ✓

(3)

## 'POP/NEW AGE' (Ook bekend as die Tydperk van Oorvloed/Weelde) (1955 – 1975)

### Doelwitte:

Die styl is internasionaal:

- Amerikaanse ontwerpers het tegnologie en wetenskaplike navorsing beklemtoon in die ontwerp van produkte. ✓
- Britse ontwerpers het ontwerpe gemaak wat die moderne leefstyl weerspieël en het daaraan geglo dat Ontwerp die belangrike skakel is tussen die wetenskaplike, die kunstenaar, die ingenieur en die gewone man. ✓
- Moderne ontwerpers hou nie by net een idee nie – hulle glo dat ontwerpstyle langs mekaar kan bestaan. 'Smaak' word kort-kort bevraagteken. ✓

(2)

### Invloede en onderwerpe:

- Die vereistes en behoeftes van die jeug – modieuse, 'funky' klere wat gereeld verander en op datum gebring word volgens die nuutste modes (T-hemde). ✓
- Die opkoms van verbruikerskultuur en die wêreldwye ekonomiese ontploffing van daardie tyd. ✓
- Fliks, films en die lewensstyle van filmsterre. ✓
- Die publiek se begeerte en strewe om motorkarre en luukse huishoudelike goedere te besit. ✓
- Die Wetenskap en die mense se fassinatie met die buitenste ruimte (ruimte en wetenskapfiksie motiewe). ✓
- Die Advertensiewese: deur die media (film, glanstydskrifte), die gebruik van die sielkunde van sosiale status om huishoudelike goedere te verkoop deur die media, die begin van die gebruik van handelsmerke ('branding') en logo-advertensie (byvoorbeeld die 'Apple' logo). ✓
- Mode- en verbruikersgiere deur die nuutste ontwerpers (die Minirok deur Quant/die 'Mini' motorkar, 'Beetle' en Vespa 'Scooter'). ✓
- Popkuns: die werk van Andy Warhol/Roy Lichtenstein wat alledaagse onderwerpe gebruik het/Pop-kultuur wat teen snobberigheid was/Op-kuns – 'n vertakking van Popkuns (hulle ontwerp huishoudelike goedere en tekstiele met optiese illusies). ✓
- Die Anti-Ontwerp beweging (Italië, 1940's en 50's) – hulle reageer teen reghoekige vorms in Ontwerp en verwerp die idee van Ontwerp as 'n goedkoop bemarkingsfoefie. Die (Sottsass) 'hergedefinieerde' Ontwerp - maak gebruik van helder, skokkende ('shocking') kleure, visuele dubbelsinnigheid/ondermyn 'n voorwerp se formele funksie/bevraagteken die toepaslikheid/relevansie van 'smaak' en funksie. ✓
- Humor en Geestigheid maak hul verskyning in alle fasette van Ontwerp (Alessi se suurlemoenpers/-drukker en speelgoed). ✓
- 'Kitsch' - speelsheid en ironie in Ontwerp (swak smaak met 'n 'edge'), ondermyn die estetiese ernstigheid van dinge wat voorheen beskou was as mooi (byvoorbeeld Andy Warhol se Marilyn Monroe werke wat beskou word as 'n kunsvorm – 'High Kitsch'). ✓

(2)



KARAKTEREIEKSKAPPE: Indien leerders verwys na die nuwe materiale moet hulle punte toegeken word.

- Eienskappe van ontwerpe was bepaal deur die wye reeks nuwe prosesse en materiale van kunsmatige chemiese oorsprong wat beskikbaar was, byvoorbeeld: √
- Hout kon gegietvorm ('mould') word. √
- Plastiek was ontdek – selluloos-asetaat/selluloïede was gemaak vanuit chemies-behandelde katoen. Dit het 'n wye reeks toepassings. √
- Akriel, veselglas, 'Styrofoam', PVC-plastiek, chroomstaal, staal en metaal, metaalalloeie, gevormde glas, kunsmatige rubber, tekstielvesel, 'nylon', 'epoxy' en sellofaan. √

Vorm (twee- en drie-dimensioneel) en Lyn:

- 'n Reaksie op Bauhaus se 'harde lyn' ontwerp. √
- Werke word gekenmerk deur die biomorfiese vorme van die Amerikaanse Abstrakte Kuns beweging en deur natuurlike vorme (vorme wat vloeiend, golwend en gerond is). Dit is die invloed van Skandinawiese ontwerpers. √
- Die eenvoudige lyne van die Asiatiese (Japanese) tradisies √
- Eksperimenteer met nuwe vorms met die gebruik van die nuwe materiale (byvoorbeeld 'injection moulded plastic'), die enkel-voetstuk stoel ('single pedestal chair') of die vrydraer stoel ('cantilevered chair'). Formele stoelpote word vervang met gespanne en veerondersteunde stelsels. √
- Tradisionele materiale (riet en hout) word omskep deur die gebruik van nuwe prosesse (byvoorbeeld laaghout) wat nuwe gietvorme ('moulded shapes') moontlik maak. √

Kleure:

- 'n Groot verskeidenheid van nuwe kunsmatige verwe in 'n wye reeks toonwaardes word alom beskikbaar. √
- Daar bestaan 'n beter geleentheid vir die gewone mens om sy/haar eie leefruimte te omskep. √
- Die ontwikkeling van akrielverwe. √

(3)

WERKE:

Tegnologie: Die Sunbeam Mixmaster-voedselverwerker ontwerp deur die Sweedse ontwerper, Ivar Jepson. √

Doel:

- 'n Nuwe, kleiner weergawe van vroeëre, groter, lomper industriële masjiene. Dit was kragtig, veelsydig en makliker om te gebruik vir huishoudelike doeleindes. √

Sosiale konteks:

- Dit was 'n huishoudelike statussimbool om die nuutste model te besit. Daarom was ontwerpe gereeld opgegradeer of vernu. Dit was een van die varsste, nuut-ontwerpte en noodsaaklike gereedskap vir die huishouding saam met die yskas, stoof, ketel, wasmasjiene, rooster, voedselverwerker en stofsuier. √

Funksie en ontwerp:

- Dit het bestaan uit 'n voedselverwerker en menger eenheid wat losgemaak kon word en gebruik word as 'n handmenger. ✓
- Die toestel se ruimte-era vaartbelyning was beïnvloed deur die motorvervaardigingsbedryf (chromomhulsel, pedale wat inmekaar pas en verstelbare snelhede wat geprogrammeer kon word deur die gekalibreerde plastiekknop aan die kant van die masjien te draai). ✓ Die klitsers kon uitgetrek word en vasgemaak word aan die kante en onderkant van die bak. ✓
- Dit was gebruik om sap te maak, vrugte te skil, ertjies te ontdop, pasta uit te druk en koffie te maal. ✓ Ander hegstukke kon daarin pas om verdere funksies te voorsien - byvoorbeeld 'n blikoormaker. ✓

Omgewingsvorming:

- Die hoeveelheid tyd wat spandeer word op huishoudelike take word aansienlik verminder wat lei tot meer tyd vir ontspanning. ✓ (3)

## POST-MODERNISME

Doelwitte:

- Om weg te beweeg van die outoritêre Modernistiese reëls (waar daar verwag word dat die ontwerper moet hou by streng beperkings) en strewe om dit te vervang met verskeidenheid en individualiteit. ✓
- Om ontwerpe te skep wat aan die publiek se behoeftes voldoen – om weg te beweeg van koue, onpersoonlike, masjienagtige ontwerpe ✓
- Om ontwerpe te skep wat waardeer kan word en verstaan kan word deur die gewone mense – dus ontwerpe wat nie elitisties is soos met Modernisme nie (waar werke net waardeer kan word deur 'n geselekteerde groep mense) ✓
- Om verbintenisse met vroeëre ontwerpstyle te behou en om 'n balans te skep tussen moderniteit en tradisie ✓
- Om erkenning te gee aan bestaande, plaaslike style en die behoeftes van individue ✓

Enige TWEE van hierdie doelwitte kan genoem word of enige ander toepaslike/relevante doelwitte (2)

Invloede:

- VENTURI: Venturi se slagspreuk 'Less is Bore' is 'n reaksie op die Modernistiese oortuiging dat 'Less is More'. Postmodernisme word beïnvloed deur sy verwerping van die modernistiese klem op suiwerheid, eenvoud en strengheid. ✓  
Die ANTI-ONTWERP BEWEGING van die 1960's in Italië: Memphis Studio, Archizoom en Super Studio is almal ontwerpgroepe wat deel was van die beweging. Postmodernisme word beïnvloed deur hul gebruik van eklektiese bronne as inspirasie, deur hul kombinasie van goedkoop en duur materiale en deur die kombinasie van populêre kultuur en 'High culture'. ✓
- FEMINISME: Die vroulike siening/oogpunt begin ontwerpe beïnvloed. ✓

Enige TWEE van hierdie invloede of enige ander toepaslike/relevante invloede kan genoem word. (2)

Karaktereienskappe:

- Postmoderne ontwerpe word eklekties genoem – die ontwerpe ‘leen’ van vroeëre style (byvoorbeeld elemente van Griekse en Romeinse Argitektuur) en kombineer alles in een ontwerp. Dit kan onsamehangendheid tot gevolg hê. ✓
- Nie-permanente en glansende beelde word baie maal gebruik. ✓
- Versiering/dekorasie word weer belangrik. Kleur, verwringing, ‘kitsch’, humor, geestigheid en ironie word weer belangrike fasette van ontwerpe. ✓
- Moderne tegnieke, materiale en vorme word gekombineer met tradisionele tegnieke, materiale en vorms (byvoorbeeld gladde, masjienagtige, geometriese vorms in staal gekombineer met organiese, geboë vorms in hout) ✓ (3)

’n VOORBEELD VAN EEN WERK:

Die ‘GHOST CHAIR’ deur Phillipe Starck ✓

- Doelwit, Funksie en Konteks:

Die stoel se vorm is duidelik geïnspireer deur ’n Barok-stoel ✓ uit die Franse Koning Lodewyk XV era, maar dit is gemaak van plastiek – ’n baie moderne, deurskynende materiaal ✓. Die kombinasie van nuut en oud is ’n algemene verskynsel in postmoderne Ontwerp. ✓ Die funksie van die stoel is om ’n sterk stoel te wees wat die gewig van ’n persoon kan dra. ✓ Maar die deurskynendheid ondermyn hierdie funksie. ✓ Dit is ’n kenmerkende postmoderne speelse bevraagtekening van die funksie van ’n voorwerp en ’n verwerping van die Modernistiese geloof in Funksionalisme ✓ en is ook tipies van Post-Modernisme. ✓

- Vorm en Lyn

Die stoel bestaan uit elegante, eenvoudige, geboë lyne ✓ en vorme wat aan die stoel ’n tradisionele gevoel gee en help ook om statigheid en waardigheid oor te dra. ✓ Die gladde, onversierde oppervlaktes verander die voorkoms na modernisties en minimalisties. ✓

- Kleur, materiaal, tekstuur en tegniek

Die stoel was gemaak uit deurskynende polikarbonaat plastiek ✓ in verskeie pastelkleure soos ligte appelkoos, antieke geel, spookgrys en ligte groen ✓. Dit was ook gemaak in baie helder kleure. Hierdie lighartige, speelse kleure ondermyn die statige kwaliteit van die oorspronklike stoel en gee dit ’n moderne ‘twist’. ✓

(3)  
(2x10) [20]

Vr4.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Observasie/Herroep /Begrip	30%	Deel van 4.1	6
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 4.1	8
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 4.1	6

4.2

4.2.1

**(Ken 8 punte toe)**

**Kandidate moet in paragraafvorm antwoord en nie in tabelvorm nie.**

Art Deco wys dikwels die invloed van die trapsoortige piramides van die Egiptenare en die Asteke ✓ en dit is ook sigbaar in FIGUUR A se gebruik van trapvlakkige buitelyne om die dak en die stroke muur wat “superimposed” is om die trap-effek uit te lig ✓ Lae reliëf versiering (stepped pyramid) is ook sigbaar op die twee buitenste panele. ✓ soos die papyrusagtige V-vormige dekoratiewe detail op die linkerkant. ✓ Die skoon lyne en die herhaling van reghoekige vorms wys die invloed van die masjien op Art Deco. ✓ FIGUUR B toon ook die invloed van die masjien-era en die gebruik van eenvoudige, blokvormige onversierde vorms. ✓ FIGUUR B se afwesigheid van versiering is duidelik beïnvloed deur die Bauhaus se klem op funksionalisme. ✓

Terwyl die Art Deco gebou baie van kleur en patroon gebruik aan die buitekant ✓ is die Modernistiese gebou nie versier nie, en bestaan uit eenvoudige vlakke van glas, metaal en wit beton ✓. Die Art Deco-gebou maak gebruik van ’n verskeidenheid nie-funksionele elemente ✓ bv. die herhaling van horisontale kepe in die middelste paneel om interessante oppervlaktes te maak, waar die Modernistiese gebou net funksionele elemente gebruik, bv. die lyne op die balkon is deel van die balkonreëling ✓

Die Art Deco gebou is dramaties en teatraal ✓ terwyl die modernistiese gebou ’n stabiele, geordende en kalm gevoel weergee. ✓

(8)

4.2.2 (Ken een punt toe vir 'n ontwerper en een punt vir 'n werk deur die ontwerper).

Enige van die volgende of enige ander geakrediteerde ontwerper van elk van die bewegings.

Arts Deco:

William van Alen ✓ – Die Chrysler gebou ✓

Clarice Cliff ✓ – “The Age of Jazz” ✓

Modernisme:

Mies van der Rohe ✓ – Die Seagram gebou ✓

Arne Jacobsen ✓ – Die “Ant Chair”. ✓

(2)  
[30]

Vr4.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNIN G %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Herroep	30%	Deel van 4.2.1 + 4.2.2	1+ 2
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 4.2.1	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 4.2.1	3

**TOTAAL AFDELING A: 80**

**AFDELING B: ONTWERP IN 'n SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS****VRAAG 5 (Ken 20 punte toe)**

**AS1:** Beoordeel waarde, ingelig deur 'n goeie begrip van Ontwerp.

**AS2:** Begryp Ontwerpsteorie en gebruik Ontwerpsterminologie korrek.

**AS7:** Begryp die maniere waarop Ontwerp gebruik kan word om sosiale/maatskaplike, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te versterk of uit te daag.

5.1 5.1.1 (Ken 7 punt toe – om 'n punt te kry moet 'n feit deur 'n verduideliking of voorbeeld ondersteun word).

**Nota:** 'n Leerder mag enige voorbeeld uit 'n LOOM (LTSM) gebruik soos voorgeskryf in die LPG (byvoorbeeld die Woolworths-boek 'Living with Design Daily' of 'Craft Art in SA' deur E. Coetsee.

In die opstel moet die leerder 'n Suid-Afrikaanse ontwerper of groep kies wat betrokke is by ENIGE sosiale/maatskaplike kwessie. Voorbeelde van kwessies kan wees: armoede; kapitalisme; geslagsaangeleenthede; gesondheidskwessies; maatskaplike onregte; rassisme en marginalisasie.

Voorbeelde van ontwerpers of ontwerp groepe is:

- **MonkeyBiz** – armoede verligting en werkskepping
- **Mapula** – armoede verligting en werkskepping
- **Streetwise** – armoede verligting, opleiding van vaardighede, werkskepping
- **Mielie** – armoede verligting, opleiding van vaardighede, werkskepping
- Die leerder moet werke van die ontwerper noem en dit bespreek.

### Voorbeeld 1: (Ken 7 punte toe)

#### MONKEYBIZ LEES-UITREIKPROJEK

- Barbara Jackson en Shirley Fintz, keramiekkunstenaars het Monkeybiz in Januarie 2000 gestig, met Mathamphelo Ngaka as handwerker (crafter). ✓
- Hulle het bemerkingspotensiaal gesien en terselfdertyd die geleentheid om die tradisionle handwerktegniek kralewerk te laat opleef. ✓ Mathamphelo het 'n paar werklose vrouens van die Wes-Kaap gekry om poppe te maak. ✓ Nadat hulle positiewe terugvoer van die plaaslike winkels en toerisme gekry het, het hulle die besigheid uitgebrei na ander gemeenskappe om sodoende sosiale opheffing aan te moedig. ✓
- Hulle het nou al ongeveer 450 vrouens wat poppe maak en 200 vrouens op hul waglys. Saam met die poppe maak hulle ook handsakke, kraleprente, diere, kussingsoortreksels en beelde. ✓ Hulle gaan voort om die mense wat vir hulle werk te inspireer en moedig hulle aan om erkende kralewerkers te word. Hulle help hulle om besigheidsvaardighede te leer sodat hulle ekonomiese en sosiale status kan verbeter. ✓
- In 2003 het die direkteure van die VSA nie-winsgewende-organisasie, ArtAidsArt die Kaapstad Studio van Monkeybiz besoek en baie poppe gekoop om as fondsinsameling in VSA te verkoop. Tesame met die hulp van die 'n groep Afrika-Amerikaanse vrouens wat gehelp het met die fondsinsameling, het die fondsinsameling genoeg geld ingekry om 'n studio in Khayelitsha op te rig. Die studio is "The Boat" genoem om sy rol as 'n plek van veiligheid vir vroulike kunstenaars en ander sosiale uitreike te dien. ✓
- Die samesmelting tussen Monkeybiz en ArtAidsArt het aangehou om vrag te dra en in 2004 het ArtAidsArt die enigste VSA uitstalling van 'Positively HIV' in Pasadena en California en 'n tweede verkoping van Monkeybiz kralewerk gehou om die gesondheidskliniek te befonds. Hulle het 'n Vigs-ondersteunersgroep in hul gebou in Kaapstad gestig. ✓ Die vrouens het 'n naaldwerkgroep gestig en hulle is besig om denim baadjies uniek te verander, HIV-liefdesbriewe te maak en T-hemde ✓
- Die kunstenaars het 'n nie-winsgewende organisasie gestig sodat al die wins direk in die gemeenskap gestort kan word en tot voordeel van die vrouens kan wees. Carrol Boyes hou Monkeybiz kunswerk in haar winkel in New York aan om verder geld in te samel vir sosiaal-agtergeblewe vrouens. Hulle self-aangemoedigde Vigskliniek is selfonderhoudend en word goed ondersteun. ✓

**Voorbeeld 2: (Ken 7 punte toe)**

## MAPULA

- Mapula was op die been gebring met die oog op werkskepping vir landelike vrouens. ✓ Dit was oorspronklik befonds deur 'n liefdadigheidsorganisasie (NGO) maar is nou heeltemal selfstandig ✓. Dit is wat bedoel word met die term 'bemagtiging'. ✓
- Die vrouens skep hul eie ontwerpe gebaseer op natuurlike vorms soos blomme en bome. ✓ Hulle verwys ook na hul eie lewens in hul ontwerpe ✓, byvoorbeeld kinders wat speel in die landelike omgewing. ✓
- In die begin het die vrouens lesse gehad in oppervlakontwerp en borduurwerk. ✓ Een van die steke wat hulle die meeste gebruik is die kettingsteek. ✓
- Hulle maak funksionele produkte sowel as kussingslope en tafellopers. ✓ Unieke kunswerke soos muurbehangsels word ook geskep. ✓
- Hulle werk gewoonlik op swart kartondoek en helder gare beklemtoon die Afrika-identiteit van die werk ✓. Oppervlaktes word baie dig geborduur en die swart negatiewe ruimtes dien as die agtergrond ✓. Die katoen is omgewingsvriendelik en volhoubaar en is geredelik beskikbaar in Suid-Afrika. ✓
- Gee punte vir enige ander inligting.

**Voorbeeld 3: (Ken 7 punte toe)**

(7)

'n Kontemporêre Suid-Afrikaanse Handwerk Besigheid en gemeenskapsontwikkelingsprojek:

## STREETWIRES

- Streetwires, 'n hoogs winsgewende handwerk-besigheid en gemeenskapsontwikkeling projek, was tot stand gebring deur Patrick Schofield, Winston Rangwana an Anthony Ressel. ✓
- Die besigheid produseer straat-draadkuns, 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse genre. ✓
- Een van die doelwitte van die besigheid is om die kwessies van werkloosheid en armoede aan te spreek. ✓
- Die kunsvorm het waarskynlik sy oorsprong in die landelike gebiede van Mpumalanga en Zimbabwe, waar arm beeswagterseuns hul eie speelgoed gemaak het met ou hangerdraad, blikke en enigiets anders wat hul kon vind. ✓



Die drie stigters van die besigheid kom van uiteenlopende agtergronde en elkeen het 'n unieke en waardevolle bydra gelewer tot die sukses van die besigheid:

- Schofield het 'n Honneursgraad in Besigheidswetenskap. Sy huis is as sekuriteit gebruik om die besigheid op die been te bring. ✓
- Rangwana het sy kennis van die draadkunsbedryf bygedra. ✓
- Ressel het sy bemarkingsvaardighede bygedra. ✓

Die besigheid het gegroei en naderhand kon die eienaars nog twee geboue aankoop. ✓ Die Kaapstad-ateljee is 'n besigheid wat die kwaliteitsbeheer toepas. ✓ 'n Ontwerpspan skep nuwe draadkuns ontwerpe. Wanneer dit goedgekeur word, word template gemaak en gegee aan 'n span draadkunsenaars wat dan die produk maak. ✓ Om te sorg dat 'n hoë standaard gehandhaaf word, maak die spanleier seker dat die templaats presies nagevolg word en dat die produk deur die kwaliteitsbeheer proses gaan voordat dit aan die mark bekend gestel word. ✓

Die maatskappy glo dat werkloosheid die grootste struikelblok vir ons land is:

- Dit is nie net die oorsaak van maatskaplike probleme soos armoede nie. ✓
- Dit verhinder ook gemeenskapsgroei en ontwikkeling. ✓
- Daarom probeer die besigheid langtermyn werk skep vir so veel as moontlik Suid-Afrikaners. ✓
- Hulle probeer die lewensstandaarde van Suid-Afrikaners te verbeter deur werksplekke, permanente werk, 'n gevoel van waardigheid en toegang tot vaardighedsopleiding en persoonlike ontwikkeling te voorsien het. ✓

'Streetwires Training and Development' is 'n nie-winsgewende organisasie wat deur Streetwires gestig is en streef daarna om gemeenskappe op te hef deur voorsiening te maak vir vaardighedsopleiding, ontwikkeling van individuele kunstenaars en die skepping van uitreik inisiatiewe in weeshuise, skole en verarmde gemeenskappe. ✓

Die voorwerpe wat gemaak word is beide dekoratief en funksioneel soos: ✓

- Promosionele artikels en geskenke gemaak van krale (sleutelhouers, skuifspelde met 'n logo, besigheidskarthouers), radio's, verskeie motormodelle gemaak van draad en krale en dier-, voël- en mensfiguur beeldhouwerke. ✓
- Die vorms is hoogs gestileerd en vereenvoudig en bevat 'n element heelwat humor en speelsheid. ✓
- Helder kleure en eenvoudige, kromagtige buitelyne domineer. ✓
- Die draadkuns domineer ook. Materiale soos krale, opgesnyde blikke en botteldoppe word ook gebruik. ✓

#### Voorbeeld 4: (Ken 7 punte toe)

##### DIE 'JUPITER DRAWING ROOM'

- Dit is 'n bekroonde Suid-Afrikaanse advertensie agentskap. ✓
- Die agentskap voel baie ernstig oor bemagtiging en het al reeds ver oor die 26% bemagtingsverhouding beweeg met betrekking tot hul personeel en aandeelhouders. ✓

Hulle glo dat daar:

- 'n Behoefte bestaan vir sterk, relevante, aangrypende en geïntegreerde kommunikasie met die groot verskeidenheid van produkte wat vandag beskikbaar is en die groot verskeidenheid media wat gebruik kan word om dit te bemark. Die volgende frase som hulle filosofie op: 'Indien jy 'n eenvoudige voorstel deur 'n klomp soorte media kommunikeer, staan jy 'n groter kans om raakgesien te word, onthou word en op gereageer te word.' ✓

Die agentskap gebruik dus al die belangrikste media kategorieë asook nuwe, innoverende media om ' handelsmerk, produk of maatskappy te bemark, byvoorbeeld:

- Televisie en Films
- Buitenshuis: insluitende advertensieborde en bewegende voertuie
- Grafiese Ontwerp en drukwerk: insluitende plakkate, briefhoofde, koeverte, besigheidskaartjies en verpakking
- Radio: vir advertensies
- Digitale Media: insluitende webontwerp
- Veldtogte: gebruik 'n kombinasie van die bogenoemde media en is bedoel as 'n langtermynpromosie van 'n produk of besigheid. ✓

Met baie van die agentskap se veldtogte strew hulle om kragtige beelde en slagspreuke te gebruik om maatskaplike kwessies aan te spreek: ✓

- Hulle Plakkaatveldtog vir die VN-Wêreldvoedselprogram
- Plakkaat vir die Musica Doofbewustheidsweek

Die Plakkaatveldtog vir die VN Wêreld Voedselprogram: ✓

Hierdie plakkate maak mense bewus van hongersnood. Daar is vier plakkate. Elkeen beeld een van die volgende uit: ✓

- 'n Eier, 'n wiggie kaas, 'n plastieksak en 'n wortel.
- In elke plakkaat speel die ontwerper met die voordele en clichés wat geassosieer word met die voorgestelde item om sodoende die kwessie van hongersnood duidelik na vore te bring.

Plakkate vir die Musica Doofbewustheidsweek:

- Musiek maak sekere gevoelens wakker vir die wat kan hoor. Hierdie gevoelens word nooit ervaar deur of aangewakker in die mense wat nie kan hoor nie. ✓

'Boxer', 'Tank' en 'Dog' is drie baie kragtige plakkate:

- Elke beeld was noukeurig gekies om die gevoelens voor te stel wat 'n sekere liedjie aanwakker, sodat hierdie gevoelens ervaar kan word deur beide doof en horende mense. ✓

(7)

## 5.2 5.2.1 (Ken 3 punte toe)

- Die plakkaat pleit met die samelewing om die "barriers" wat die gewone mense van gestremde mense skei, af te breek. ✓ En moedig die samelewing aan om gestremdes in te sluit in alledaagse lewe en help om hul potensiaal te bereik deur ondersteuning van verbeterde metodes van rehabilitasie en verbeterde toestelle. ✓
- 'n Voet en 'n enkel domineer die formaat ✓ Die agterkant van die voet lyk of dit vervang is met 'n gladde materiaal-moontlik plastiek - en is aan die voet vasgebind met 'n tipe riem. ✓ Die gedeelte is uit fokus en die fokus verskerp tot aan die voerpunt van die voet. Die poster kan die pleit van die gestremde in fokus bring. ✓
- In die voorste regterkantse hoek is 'n logo gebruik om die breek van hierdie "barrier" te wys – dit sluit hoogs gestileerde hande in (wat die samelewing voorstel) wat 'n hamer vas hou. ✓ 'n Kraak verskyn in die muur of oppervlak (stel die skeiding voor) wanneer die hamer dit tref. ✓

(1)

Gee krediet aan enige goed beredeneerde antwoord.

(2)

## 5.3 5.3.1 (Ken 4 punte toe)

BEELDE: die weg na die sigarette is verby baie onsteekte, siek tandvleise en skerp wit tande. ✓ Sigarette word geskets sodat dit lyk of dit baie gevaarlik is en siekte veroorsaak. ✓ Die vraag word gevra: "hoekom sal enigiemand hul vingers in daardie mond wil sit?" ✓

KLEUR EN TOONWAARDE: Die tandvleise word in intens rooi en pienke uitgedruk wat help om die tandwit te oordryf ✓ Die boodskap "Tobacco causes mouth diseases" is in wit teen die swart geskryf wat dit baie opvallend maak. ✓

LETTERTIPE: Die woorde 'Tobacco Causes Mouth Diseases' is in baie eenvoudige, sans-serif, regop, hoofletters geskryf om die intensiteit en ernstigheid van die boodskap weer te gee. ✓

BLADUITLEG: Die tande is baie duidelik geplaas om op te lyn met die opening van die boksie se deksel, sodat die oop boksie dieselfde gevoel gee dat jy jou vingers in so siek mond sal steek. ✓ Die rooi tandvleise en tande domineer die voorkant van die boksie en maak dit baie aanloklik (a.g.v. die intense rooi) en afstootlik (die infeksie) ✓ Die swart en wit teks is reg onder die tandvleise geplaas en vetgedruk. ✓

(4)

5.3.2 **NOTA: 'n Leerder mag gebruik maak van enige voorbeeld uit LTSM soos voorgeskryf in die LPG.**

Voorbeeld 1: **(Ken 6 punte toe)**

LOOM STUDIO – ARGITEKTUUR FIRMA (Berkeley, California) ✓

- Loom is 'n samewerkende praktyk van ontwerp en argitektuur wat mik om te minimum hulpbronne met die maksimum effek te kombineer deur die gewone na die buitengewoon te verander. ✓
- Loom weef idees, kragte en materiaal saam in 'n ontwerp. ✓
- Hulle glo dat ontwerp 'n menslike aspek moet hê en die rykheid van die lewe moet uitbeeld en ons konneksie met ander mense. ✓
- Loom hou altyd ons verhouding met die wêreld in gedagte, oor die toekoms wat ons vir die wêreld agterlaat sodat dit behoue kan bly. ✓

Bv. 'Women Suffrage Memorial Wall' in Minnesota VSA. ✓

Dit is 'n traliewerk-muur wat beide as 'n landskapsbeeld (mooi om na te kyk) en 'n opvoedkundige ervaring (maak die kyker bewus van vergange geskiedenis deur daardeur te loop) funksioneer. ✓ Dit is beide 'n fisiese ervaring en 'n kulturele artefak. ✓ 'n Omgewingstydlyn, die muur verbind vertikale pale om agtereenvolgende jare van die stemregbeweging uit te beeld. ✓ Dit is gekombineer met golwende horisontale pale wat die lewens van 25 verskillende voorstaanders van stemregte vier. ✓

Die ontwerp bevraagteken die dominante neo-klassieke 'tydlose' aard van tradisionele gedenktekens deur iets radikaal anders deur sy interaktiewe kwaliteit voor te stel. Die kyker raak betrokke by die ordening van die tyd. ✓ Hierdie monument is opgedra aan daardie individue wat monumentale veranderinge in die politieke landskap bewerkstellig het – die suffrajette. ✓ Die kyker ervaar die grondveranderinge vanaf die ystydperk (reuse geologiese tydsverloop), blomme- en gras-aanplantings (seisoenale tydsverloop), metaaltraliewerk met teksplate (politieke tydsverloop). ✓ Dit onthul prosesse van verandering jaarliks (soos die seisoene verander) en in die daaglikse menslike lewe (soos mense na en van die werk loop). ✓ Tekstabelle op die horisontale pale verskaf inligting en onderrig aan mense wat op hulle daaglikse rondtes verbyloop. ✓

Krediteer enige ander relevante inligting.

(6)

### Voorbeeld 2: (Ken 6 punte toe)

Krivanek ✓

- Krivanek integreer teks en gebou. ✓
- Sy doelwit is om 'n poëtiese dimensie te skep tussen die vloed kommersiële boodskappe wat ons kry in die moderne stadsomgewing. ✓
- Die inhoud van 'n projek is afkomstig van die geskiedenis van die plek en ook deur uitreik-aksies na lede van die gemeenskap. ✓
- Krivanek herleef ook die tradisie van argitekturele Inskripsie ✓. Klassieke geboue het vir eeue teks bevat met die doel om te herdenk en ook om instruksies te gee ✓. Krivanek se Hoofletters is goed gespaseer en is 'n verwysing na hierdie tradisie ✓. Klassieke Inskripsies het die dominante sosiale groep se oogpunte en waardes weerspieël (die groep wat die burgerlike geboue aanbou). Krivanek gee egter alternatiewe oogpunte. ✓

1. 'Family Voices/Austin'. ✓

'n Projek in 'n minder gegoede buurt in Chicago wat plaaslike winkelvoorkante en tekenbordstrukture wat aan hulle vasgeheg is, verander. Krivanek inkorporeer die woorde van moeders en vertroosters uit die gemeenskap in hierdie herstelde kommersiële fasiliteite. ✓

Vr5 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Observasie/Herroep, Begrip	30%	Deel van 5.1.1 + Deel van 5.3.2	4 + 2
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 5.1.1 + Deel van 5.3.1 + Deel van 5.3.2	3 + 1 + 4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	5.2.1 + 5.2.2 + Deel van 5.3.1	1 + 2 + 3

(6)

**VRAAG 6 OMGEWINGSKONTEKS (Ken 20 punte in totaal toe)**

Kies TWEE van die drie keuses

**Nota:** 'n Leerder mag enige voorbeeld uit 'n LOOM (LTSM) gebruik soos voorgeskryf in die LPG (byvoorbeeld die Woolworths boek 'Living with Design Daily' of 'Craft Art in SA' deur E. Coetsee).

**AS1:** Beoordeel waarde, ingelig deur 'n goeie begrip van Ontwerp.

**AS2:** Begryp Ontwerpsteorie en gebruik Ontwerpsterminologie korrek.

**AS8:** Begryp Ontwerpers se verantwoordelikheid tot omgewingskwessies en volhoubare Ontwerp.

**AS10:** Begryp verantwoordelike Ontwerp deur menseregte en omgewingskwessies in ag te neem deur die hele proses.

6.1 6.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

Volhoubare ontwerp verwys na produkte wat slegs van herwinbare materiale gemaak word sodat dit minder beskikbare of skaars materiale nie opgebruik nie. Dit verwys ook na die gebruik van plaaslike materiale sodat dit nie nodig is om materiale in te voer nie, wat om die beurt weer die vervaardiger se koolstofvoetspoor verminder. √ (1)

FIGUUR A is gemaak van opgerolde tydskrifbladsye en FIGUUR B is gemaak van bymekaargemaakte plastiek. Beide voorbeelde het materiaal hergebruik wat vrylik bekombaar is. Beide ontwerpe is volhoubaar. √

Gee krediet aan enige geldige stellings. (1)

6.1.2 **(Ken 8 punte toe volgens die punte uiteensetting in die vraestel - 1 punt vir die naam van die ontwerper, 1 punt vir 2 invloede, 4 punte vir die naam van 'n werk sowel as 'n kort analise wat verduidelik hoe dit omgewingskwessies aanspreek).**

## VOORBEELD 1

## DIE NAAM VAN DIE ONTWERPER:

MARTIN KRUGER, Martin Kruger Vennote, Argitekthe Landelike  
Ontwerpers ✓

(1)

## DOELWITTE:

- Kruger glo aan die veranderende ontwerpproses van spanwerk.  
✓ Indiepte kliënt interaksie en 'n aanhoudende reis van  
uitstekendheid en eenvoud. ✓ Sy filosofie is: "Alle geboue is  
stede en die stad is 'n groot huis. ("All buildings are cities and the  
city a big house"). ✓
- Hy voel dat min stede die menslike skaal wat dit veronderstel is  
om te hê behou omdat daar gedurig die behoefte is om uit te brei  
en maksimum land te gebruik. ✓ Wolkekrabbers laat dikwels die  
wat om hulle werk soos dwergies lyk en seël hulle af van die  
buitewêreld. ✓ Sy doelwit is om 'n vriendeliker, meer koesterende  
werkplek te skep. ✓
- Martin Kruger se praktyk is toegewyd om geboue en  
nedersettings te skep wat 'n positiewe bydrae tot die omgewing  
leen, CO<sub>2</sub>-vrystelling te verminder en die gebruik van passiewe  
energie. ✓
- Die ateljee ondersoek ontwerp probleme in 'n verskeidenheid  
mates en in diverse kontekste. Hulle werk sluit uitstallings,  
bewaring, nuwe nedersettings, publieke spasies en- geboue,  
sowel as 'n aantal diverse en pragtige private huise en  
plaashuise in. ✓

(1)

## INVLOEDE OP SY WERK:

- Streeksargitektuur – hy is geïnteresseerd daarin om  
streeksargitektuur te herinterpreteer, bv. Argitektuur wat plaaslike  
hulpbronne en tradisies gebruik om plaaslike behoeftes aan te  
spreek en wat die omgewings-, kulturele- en historiese konteks  
aanspreek waarin dit bestaan. ✓
- Hy is ook beïnvloed deur die antieke Griekse idee van die Agora  
('n publieke oop ruimte of vierkant wat vir byeenkomste en  
markte) en is geïnteresseerd daarin om 'n 'African Agora' te  
ontwikkel. ✓
- Hy word deur Modernisme beïnvloed deurdat hy moderne  
materiale en konstruksie metodes gebruik. ✓

(2)

DIE NAAM EN KORT ANALISE VAN EEN ONTWERPER MET  
SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE WYSE WAAROP  
OMGEWINGSKWESSIES AANGESPREEK WORD.

ONTWERP: BP SUID-AFRIKAANSE HOOFKANTOOR by die V&A Waterfront, Kaapstad. ✓

- Die gebou is 'n 9500 vierkante meter trippel volume oopplan kantoorspasie vir 600 mense. Dit is 'n miniatuur voorstelling van Kruger se ideale stad. ✓
- Enorme lanternvormige strukture is op die dak gekonstrueer om toe te laat dat lig in die sentrale atrium afskyn waar bome die ideale klimaat kan geniet. Dit laat ook interne hitte ontsnap waar en wanneer nodig. ✓
- Bo die venster is rakke wat soos bokse lyk natuurlike lig laat deurskyn, maar het ook die vermoë om skadu te bied in die warmste tye van die jaar. Dit spaar energie op die mees doeltreffendste aangesien daar geen noodigheid is vir energie-tappende verwarmers en lugversorgers nie. ✓
- 'n Dempersistiem beheer outomaties die hoeveelheid lig wat aan die binnekant skyn. ✓
- Foto-voltaïese-selle en sonpanele op die dak en die voorste oorhangsel (canopy) voorsien 10 persent van die gebou se elektrisiteit. ✓
- Bewegings sensitiewe beligting in die geboue beteken dat die laaste persoon om die gebou te verlaat nie hoef te onthou om die ligte af te skakel nie. Die gebou voel outomaties aan dat daar geen beweging is nie, en skakel dan al die ligte af. ✓
- Die water wat van die dak af rol word in 'n ondergrondse tenk met 'n kapasiteit van 1.3 miljoen liter opgevang. Die water word gebruik om die perseel se tuine te onderhou en vir ablusie-doeleindes. ✓
- Binne in die gebou is houers geplaas wat werknemers aanmoedig om hul papier, plastiek en metale te herwin. ✓
- So ver moontlik is herwinde materiale gebruik wat duursaam is en lae onderhoud verg. Matte bv. is van 100 persent herwinde materiaal gemaak en die muurbehangsel deur Adri Schultz is van afval katoen gemaak afkomstig van 'n groep vroue in Khayelitsha. Die pragtige rooshoutvloere regdeur die sentrale 'straat' van die gebou, kom van volhoubare woude in Zimbabwe. ✓

(4)

Vr6.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Kennis/ Begrip	30%	6.1.1 + Deel van 6.1.2	2 + 1
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 6.1.2	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 6.1.2	3



6.2 6.2.1 **(Ken 3 punte toe)**

“PURPOSED” (Nuwe doel gegee):

Dit verwys na die gebruik van materiale, maar op ’n nuwe wyse aanmekaar gesit sodat dit ’n nuwe innoverende funksie het. ✓

(1)

HERWIN:

Dit verwys na die totale opbreek van produkte en die herverwerk daarvan in ’n ander vorm. Bv. plastiekbottels kan in vesels gemaak word waarvan matte geweef word. ✓

(1)

Krediet moet gegee word vir enige goed beredeneerde antwoorde.

“REPURPOSED”: (Nuwe doel gegee):

Dit is omdat die materiale wat gebruik is om die stoel te maak (gebruikte tennisballe) in hul oorspronklike vorm gelos is, maar ’n nuwe doel gegee is, bv. hulle is bymekaar gesit om ’n stoel te maak. ✓

(1)

6.2.2 **NOTA: ’n Leerder mag gebruik maak van enige voorbeeld uit LTSM soos voorgeskryf in die LPG.**

INTERNASIONALE VOORBEELD: **(Ken 7 punte toe)**

NAAM VAN DIE ONTWERPER/ONTWERPGROEP: CONSTANTIN BOYN AND LAURENE BOYM ✓

NAAM VAN ONTWERP/PRODUK:

Die “Strap furniture”, 1999 ✓– herwinde hout, polypropoleen verpakkingsrieme/toue ✓

Die paar se onlangse reeks “Strap” meubels (1999) is ’n eksperimentele prototipe wat polipropileen verbindingsrieme/toue (wat gebruik word om pakkies te verbind) gebruik as die mees prominente element van die ontwerp. (Hulle maak gebruik van herwinde rieme). ✓ Dit word om eenvoudige houtrame gedraai, wat ook van herwinde hout gemaak word. ✓ Hierdie “verbinding” sorg vir innoverende ontwerp oplossings wat herwinde materiaal op ’n slim manier gebruik – in die geval, ’n geweefde “strapped” stoel. ✓ Hierdie gebruik van herwinde materiaal help om ’n volhoubare omgewing van dissipline in die ontwerp praktyk te weeg bring. ✓ Die gebruik van eenvoudige materiale gee die ontwerp ’n eenvoudige “stripped down” en amper onvolledige gevoel, asof dit al is wat nodig is. (less is more). ✓ Die kussings is deurweef met ’n netwerk van lyne, wat ’n unieke deursigte gevoel gee. ✓ Die ontwerp juxta plaas herwinde materiaal in ’n unieke wyse wat estetiese geheel val die ontwerp beklemtoon. ✓ Hulle het die eenvoud van die vorm en “vorm volg funksie” sonder enige ekstra detail gebruik. ✓ Dit veroorsaak minder herwinning en minder besoedeling. ✓

Krediet moet gegee word aan enige goeie argumente.

(7)

Vr6.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Kennis, Begrip	30%	Deel van 6.2.1 + en Deel van 6.2.2	1 + 2
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 6.2.1 + Deel van 6.2.2	1 + 3
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 6.2.1 + Deel van 6.2.2	1 + 2

- 6.3 6.3.1 **(Ken 10 punte toe vir die korrekte bespreking van een ontwerper. Kandidate moes nie oor dieselfde ontwerper elders in die vraestel geskryf het nie).**

**NOTA: 'n Leerder mag gebruik maak van enige voorbeeld uit LTSM soos voorgeskryf in die LPG.**

**LEERDERS MAG KIES OM EEN PLAASLIKE OF EEN INTERNASIONALE ONTWERPER TE BEHANDEL:**

**PLAASLIKE ONTWERPER: (Ken 10 punte toe)**  
**HEATH NASH:**

Benadering: (hierdie moet invloede insluit):

Hy vervaardig meesal lamskerms, feëtjie-ligte, speelgoedagtige voorwerpe, dekoratiewe muurbehangsels of staanders en groetekaartjies √. Hulle is vir 'amper almal' - sommige produkte is goedkoop terwyl ander duurder is. √

Hy word geïnspireer deur:

- Die eienskappe van die plat oppervlaktes en skerp rante van gesnyde papier en die liniêre en buigbare eienskappe van draad √. Die eenvoudige lyne wat gevorm word deur die voue en snye oorheers sy werk en gee dit skerp, skoon lyne en eenvoudige vorme. √
- Die natuur – die vorme van blomblare, blare en blomme. √
- Slim en interessante strukture vir verpakking. √
- Geometrie/meetkunde – en die idee van om vorme op te breek in dele/modules.
- Omgewingskwessies en kwelpunte – hy het probeer om dit aan te spreek deur 'n papier-reeks te vestig wat 'Other People's Rubbish' genoem was en gemaak is uit herwinde materiale. √

Lyn: Dit word gemaak deur te vou en sny. Dit is altyd eenvoudig en beslis/skerp. √

Tekstuur:

Sy gebruik van karton en papier skep 'n gladde, liggewig en papieragtige tekstuur. Die plastiek skep 'n skoon/besliste/skerp gevoel. √

Kontras:

Hy gebruik die diep skaduwees in die voue om 'n sagte kontras te skep met die ligter dele wat uitsteek. ✓

Materiale:

Meestal papier en karton omdat:

- 'Dit is die mees praktiese materiaal om mee te speel in die wêreld' en dit gee die karakter/skoonheid aan sy werk. ✓
- Vir klein projekte het hy net twee instrumente nodig naamlik 'n mes en 'n staal-liniaal. ✓
- Karton is oral beskikbaar as weggooistukke. ✓
- Ander materiale sluit in laaghout, plastiek en metaalvelle. ✓

Nuwe projekte word stadig gekonseptualiseer.

Vinnige projekte is gebaseer op vorige idees, byvoorbeeld, 'the Curl' (n abstrakte tonnelvorm wat gemaak is uit gevoude papier) was ontwikkel tot

- 'n lampskerm ✓
- ligte vir die 'House and Leisure' tydskrif se Decorex staanplek (die tonnelvorm was vergroot om plek te maak vir 'n gloeilamp en gemanipuleer tot 'n spiraalvorm. Die materiaal wat gebruik is, was plastiek in plaas van papier.

Somtyds kan 'n projek twee funksies hê:

- 'n Gevoude kaart wat 'n spuitverf beeld bevat aan die kant wat verskyn as die kaart oopgemaak word maar kan ook dien as 'n armstuk. ✓

Produksie-metodes:

- Die papier word gesny deur middel van 'n snyblok, dieselfde metodes word gebruik deur kommersiële verpakkingsvervaardigers. ✓

of

Vorms word met die hand gesny vir voorwerpe wat nie met die masjien gemaak kan word nie (om die skoonheid van die lyne en vorms bloot te stel) ✓

Analise van 'n werk

"Flowerball" ✓

Konteks:

Dit word gemaak vir 'n multi-kulturele Suid-Afrikaanse mark wat op soek is na funksionele ✓voorwerpe wat gemaak is van herwinde materiale en wat die hedendaagse belangstelling weerspieël in herwinning as 'n manier om bedreigings teen ons omgewing te bestry. ✓

Vorm en Fatsoen:

Die vorm van die lamp is vol, rond en bolvormig. ✓ Dit is gemaak met besliste, skerp, organiese vorms wat oorvleuel. ✓ Die vorms bestaan uit 'n digte versameling sirkelvormige, ster-agtige blomme en blare. ✓ Vorms word herhaal en word vereenvoudig tot lang ovaalvorme. ✓ Die voue is eenvoudig en die blomblare van die blomme is vasgemaak in die middel met draad. ✓ Al die vorms is vasgemaak aan 'n draadraamwerk wat nie opsigtelik is nie. ✓

Kleur:

In hierdie voorbeeld is die kleur wit wat 'n stil suiwer gevoel gee. ✓ Ander voorbeelde van die 'Flowerball' is gemaak in kleurskakerings van ander kleure.

Eenheid en Verskeidenheid:

- Eenheid word verkry deur die gebruik van een kleur deurgaans en die herhaling van die lang blaar- en blomvorme. ✓
- Verskeidenheid word verkry deur die teenstrydige lang en ronde vorms en die oppervlakpatroon. ✓ Dit word verder versterk deur die skerp punte van die blaarvorme en die verskillende soorte hoeke van die blomblaarvorme. ✓

Volhoubaarheid:

- Dit impliseer dat roustowwe altyd beskikbaar sal wees sonder dat daar enige nadelige langtermyn uitwerking op die planeet sal wees. ✓
- Nash gebruik herwinde materiale (karton, papier en plastiek) en verminder daardeur die vervaardiging van nuwe roustowwe. ✓

Ander enige goed beredeneerde en relevante feite kan oorweeg word.

**INTERNASIONALE ONTWERPER: (Ken 10 punte toe)**

Julie Bargmann: ✓

Julie Bargmann word internasionaal erken as 'n ontwerper wat besoedelde en industriële terreine in die VSA herwin. ✓ Hierdie plekke is erg aangetas deur byvoorbeeld myne en die neerstorting van rommel. ✓ Sy ondersoek die kreatiewe potensiaal van hierdie gedegradeerde landskappe en herleef hulle. ✓ Sy probeer altyd 'n stukkie van die geskiedenis van die plek behou, sodat mense kan onthou wat daarmee gebeur het. ✓ Haar praktyk word D.I.R.T genoem. (Design Investigations Reclaiming Terrain of Dump It Right There) ✓ Sure van fabriekafleipype beland in strome en riviere en versmoor alle vorme van lewe-sy lê beslag op sulke besoedelde industriële gebiede. ✓

Voorbeeld van 'n werk:

Haar werk 'Testing the Waters' ✓ is 'n herwinning van wat voorheen 'n steenkoolmyn was. Die plek is omskep in 'n park waar suurmyndreinerings plaasvind en waar die publiek kan kom ontspan. ✓ Die park bestaan uit 'n landmassa wat uitgekerf is om 'n passiewe AMD-behandelingstelsel te skep en die publiek toe te laat om die suiwing van die besoedelde water fisies te aanskou ✓ soos dit beweeg deur die reeks retensiebakke en afvoerings en soos dit van kleur verander van oranje na groen na blou-groen. ✓ Die park bestaan ook uit 'n tuin met afwisselende rye inheemse bome en struik – dit bevat ook ontspanningsgeriewe soos piekniekplekke, speelareas en voetpaadjies vir wildsbesigtiging. ✓

"Reworking Southworks": ✓ In hierdie ontwerp stel sy voor om 'n ou staalfabriek in 'n waterfront met winkels en ontspanningsgeriewe te omskep. ✓

<b>Vr6.3 VLAK</b>	<b>KOGNITIEWE VAARDIGHEDE</b>	<b>GEWIGS- TOEKENNING %</b>	<b>VRAE</b>	<b>PUNTE</b>
Laer orde	Herroep, Begrip	30%	Deel van 6.3	3
Middel orde	Toepassing	30%	Deel van 6.3	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	20%	Deel van 6.3	3

(10)  
(20)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: ONTWERP IN 'n BESIGHEIDSKONTEKS****VRAAG 7**

**AS9: Verstaan dat Ontwerp-produkte bemark moet word en dat teikenmark, verpakking en advertensie in ag geneem moet word.**

**AS10: Begryp verantwoordelike Ontwerp deur menseregte en omgewingskwessies in ag te neem deur die hele proses.**

**AS11: Onderzoek beroepsgeleenthede in die Ontwerp-veld.**

7.1 7.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

Die ontwerper teiken heel moontlik mense wat 'n ongesonde leefstyl het. √ Bv. mense wat verslaaf is aan sigarette of pille of die wat verslaaf is aan gemorskos soos aartappelskyfies. √ Dit kan gesien word in die ontwerper se gebruik van sigarette, aartappelskyfie en pilverpakkings vir gesonde kos. √

Gee krediet aan enige geldige antwoord. (2)

7.1.2 **(Ken 1 punt toe)**

'n Moontlike doelwit vir die ontwerp is om mense met ongesonde lewensgewoontes te teiken. √ Bv. die ontwerper hoop moontlik dat die verslaafdes meer aangetrokke sal voel tot die gesonde kos as dit verpak is op 'n wyse waaraan hulle gewoond is. √

Gee krediet aan enige geldige antwoord. √ (1)

**(Ken 5 punte toe)**

Karaktereienskappe van goeie verpakking:

- Verpakking moet interessant wees sodat dit die verbruikers se aandag vinnig kan trek en hul aandag sal behou. √
- Verpakking moet die behoeftes van die verbruiker in gedagte hou. √ Bv. verpakking vir die verbruiker wat 'n aan die gang leefstyl het moet pakkies vinnig kan oopmaak en herseël. √
- Verpakking moet in lyn wees met huidige tendense-kwessies soos goeie gesondheid en voeding moet in die keuse van materiaal en ontwerp reflekteer. √
- Verpakking moet die produk beskerm. √
- Dit moet die beeld en die styl van die produk pas – dit moet die handelsmerk van die produk verteenwoordig. √
- Die koste van die verpakking moet die besigheid se begroting pas. √

Gee krediet aan enige geldige antwoord. (5)

7.2 7.2.1 **(Ken 2 punte toe)**

- Enige 2 geldige instansies kan genoem word, bv.  
Nelson Mandela Metropolitan University ✓  
Kaapstad Technikon ✓  
Pretoria Technikon ✓ (2)

**(Ken 2 punte toe)**

- Enige naam van diploma/graad en die duur daarvan bv.:  
Graad/Diploma in Tekstiel Ontwerp ✓ 3 jaar diploma (2)

**(Ken 4 punte toe)**

- Vier moontlike besigheidsopsies vir 'n tekstielontwerpkwalifikasie:  
Werk in tekstiefabriek as ontwerper. ✓  
Begin jou eie tekstielbesigheid. ✓  
Werk vir 'n ontwerp ateljee wat ontwerpe aan maatskappye en  
fabrieke verkoop. ✓  
Gee opleiding in ontwerp by 'n skool of tersiêre inrigting.  
Werk vir 'n NGO wat op vaardigheid en produkontwikkeling fokus.  
✓  
Word 'n koper van ontwerper of 'n tendensvoorspeller vir 'n  
maatskappy. ✓

Gee krediet aan enige geldige antwoorde. (4)

## 7.3 7.3.1 (Ken 8 punte toe)

SWOT is 'n anagram vir STERK PUNTE, SWAK PUNTE, GELEENTHEDE en BEDREIGINGS. Leerders kan dit toepas op FIGUUR A of 7.3 op die volgende wyse:

- STERKPUNTE: ✓ Die sterkpunte van die produk is dat die fiets ontwerp kompak is (wanneer dit nie gebruik word nie, kan dit weg gevou word, sodat dit nie op die straat hoef te staan nie en kan in 'n klein spasie gestoor word.). ✓ (2)
- SWAKPUNTE: ✓ Dit sal 'n beperkte teikenmark hê. In die groot Suid-Afrikaanse stede en hoofweë maak nie voorsiening vir fietse nie. Bestuurders is roekeloos en die ryer wat 'n skootrekenaar vashou, maak homself meer tasbaar vir ongelukke of om beroof te word. (2)
- GELEENTHEDE: ✓ Daar is geleenthede vir bemarking van 'n oorspronklike konsep vir gebruik in kleiner dorpie. ✓ (2)
- BEDREIGINGS: ✓ 'n Ander maatskappy kan die idee naboots. Die oorspronklike insetkoste van die fabriek en om die fiets te maak, kan duur wees. Ook weens die bogenoemde bedreigings kan die teikenmark dalk baie klein wees, wat beteken dat dit dalk te lank sal vat om 'n wins te begin maak. ✓ (2)

Met al die bogenoemde in gedagte, mag die leerders argumenteer dat die fiets nie geskik sal wees vir die Suid-Afrikaanse mark nie. Die wat ten gunste daarvan redeneer moet 'n baie goeie rede gee wat met voorbeelde versterk word.



## 7.3.2 (Ken 6 punte toe)

## TIPE BESIGHEID

Enige van die volgende maatskappy-vorme is geskik:

- Alleeneienaar ✓
- Beslote Korporasie ✓
- Vennootskap ✓
- Privaat Maatskappy (Edms. Bpk) slegs geskik as hulle suksesvol argumenteer ten gunste van 'n groot teikenmark. ✓ (2)

## KOSTE EN PRYSVASTELLING:

- Die koste daarvan om die produk te maak, wat die rou materiaal en alle ander oorhoofse kostes insluit, bv. lone, perseel, water en elektrisiteit, vervoer en advertensie sowel as die aanvangskoste om die besigheid te begin. (2)

## VASSTELLING VAN 'n TEIKENMARK:

Enige twee van die volgende:

- Wie sal die produk koop? Dit help om vas te stel watter soort persoon die produk sal koop en op wie die teikenmark gerig behoort te wees.
- Wie maak 'n soortgelyke produk? Dit help met die strategie om die kompetisie te uit oorlê deur die klaargemaakte produk uniek en anders te maak.
- Waar kan die voltooidde produk verkoop word? Afhangende van die begroting – enige van die volgende: handelswinkels wat die beeld van die produk uitdra of direkte verkope deur die Internet of van 'n fabriekswinkel. (2)

Vr7 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING %	VRAE	PUNTE
Laer orde	Observasie/Herroep, Begrip	30%	Deel van 7.1.1 + 7.2.1	1 + 8
Middel orde	Toepassing	40%	7.1.2 + 7.3.2	6 + 6
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 7.1.1 7.3.1	1 + 8

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 150**